



Die Kerkjaar – Goddelike tye of wêreldse instellings?

- Ds Tinus van Zyl

Met die aanbreek van lydenstyd op die 1ste Maart (Aswoensdag – dié Woensdag waarop baie kerke 'n kruisie van as op hul lidmate se voorkoppe maak as 'n herinnering van hul verganklikheid en 'n teken van sondebelydenis), kan ek nie anders as om aan die woorde van die popster **Robbie Williams** te dink nie:

live for liposuction
and detox for your rent
overdose at Christmas
and give it up for lent
my friends are all so cynical
refuse to keep the faith
we all enjoy the madness cause we know we're gonna fade away

we've got stars directing our fate
and we're praying it's not too late
cause we know we're falling from grace
millennium



En skielik wonder ek of daar in hierdie millenium nog sin daarin is dat ons elke jaar deur dieselfde tye gaan: oor Kersfees eet ons te veel, slaap ons te veel, spandeer ons te veel (en drink ons 'n knertsie te veel?) sodat ons teen Maart-maand op 'n streng dieet moet gaan, verby middernag moet werk, ons maandelikse begroting met die helfte moet sny (en besluit om hierdie lydenstyd van rooiwijn te vas!) En met die volgende lang vakansie begin die siklus van voor af ... Wat is die punt? Het ons só ver weggeval van die genade van die Here dat ons vasgevang is in 'n hooplose sirkel van overdaad en suinigheid?

Die wonder van die kerkjaar is juis dat dit ons daaraan herinner dat ons nie vasgevang is in die tye van hierdie wêreld nie, maar dat ons leef volgens 'n ander horlosie en 'n ander kalender. Vir ons is die kerkjaar 'n teken daarvan dat ons lewe nie gerig en bepaal word deur die tye van hierdie wêreld nie, nie deur vakansies en langnaweke en publieke vakansiedae nie, en ook nie deur werkskedules en oortyd en "deadlines" nie, maar dat ons leef tussen die opstanding en die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Maar hoe kan ons die kerk se kalender so inrig as ons weet dat Kersfees aanvanklik 'n heidense afgodsfees was? Of dat die datums van Jesus se geboorte, kruisiging, opstanding en hemelvaart onbekend is? Of dat Jesus eintlik in 4 nC gebore is en dit dus nou tegnies die jaar 2002 moet wees en nie 2006 nie? Daar is sommige kerke wat om bogenoemde rede weier om enigins Kersfees te vier (wat vreemd is, want hulle vier nog steeds Pinkster, wat aanvanklik 'n wêreldse oesfees was).

Maar vir my lê die wonder van hierdie dae nie in die korrektheid van die datum of in die suiwerheid van die oorsprong daarvan nie, maar in die feit dat ons Christene 'n ander inhoud daaraan gee as ander mense. Ons leef in dieselfde wêreld, met dieselfde geskiedenis en dieselfde jaarkalender as ander mense, maar hierdie wêreld is die wêreld na wie God vir Jesus Christus gestuur het, hierdie geskiedenis is heilsgeskiedenis en hierdie kalender is nie 'n wanhopige herhaling van maande en jare nie, maar 'n hoopvolle teken van die komende koninkryk van God.

Deur die loop van die kerkjaar onthou en verwag en vier ons: Advent (Jesus se koms en wederkoms), Kersfees (Christus se geboorte), Epifanie (die verskyning van God op aarde), Lydenstyd (die Here se lyding), Paasfees (Christus se oorwinning oor die dood), Pinkster (die uitstorting van die Heilige Gees) en Koninkrykstyd (die roeping van die kerk om getuies te wees van God se nuwe wêreld).

Daar is niks heilig in hierdie dae as sulks nie, maar deurdat ons ander inhoude daaraan gee as wat die wêreld daaraan gee, deurdat ons hierdie dae afsonder vir God te midde van die wêreld rondom ons (deur bv. met kruisies van as op ons voorkoppe werk toe te gaan), word dit heilige dae, waarin ons herinner word, en waarin ons ander mense herinner aan die liefde en genade van ons God, wat openbaar is in die lewe, sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus.

Praktiese Jakobus

- Ds Rian Verster



Jakobus is in sy brief baie prakties oor die betekenis van ons verhouding met God en met mekaar. Hy het 'n styl om te sê wat hy wil sê, sodat ons goed verstaan wat hy bedoel.

So sê hy bv. in Jakobus 1:26, kort en klaar dat 'n mens se godsdiens nie waarde het as jy nie jou tong in toom kan hou nie. In hoofstuk 3 werk hy breër uit wat hy hiermee bedoel. In kort kom dit daarop neer dat 'n los tong God en medemens benadeel. "Lof" en "vloek" kom uit dieselfde mond. Om met mense en oor mense te praat sonder om te dink, kan verskriklike gevolge hê. God vra dat ons mekaar sal liefhê, ook met hoe ons praat!

Is dit nou goed genoeg, is dit regte godsdiens as jy jou tong "in toom" het? Nee, verras Jakobus ons. "Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan." Dit is praktiese godsdiens. Dit beteken om na die ander te luister, betrokke te raak, te help ... te bid en God te vertrou vir die nood van die ander.

En, in dieselfde asem, moet jy jouself skoon hou van die "besmetting van die wêreld." Hierdie besmetting: selfsugtige begeertes, jaloesie op ander se goed, die drang om meer en meer te besit, drifte wat stryd veroorsaak met mekaar oor wêreldse goed, lei daartoe dat weduwees en wese bly sukkel in hulle onmag!



"Bee Season" en die luisterseisoen

- Ds Tinus van Zyl

In Cinema Nouveau in die V&A Waterfront het die film *Bee Season* 'n rukkie gelede gedraai, met Richard Gere en Juliet Binoche. Dit handel oor 'n Amerikaanse gesinnetjie wat relatief gelukkig is, maar wat op subtiele wyses begin om uitmekaar te spat. Die werkinge van die gesin draai rondom die pa, Saul Naumann (Richard Gere), 'n professor in Joodse mistiek, wat glo dat die skerwe van hierdie wêreld heelgemaak kan word as jy toelaat dat God deur jou vloei. Ironies genoeg, kon Saul nooit die mistieke oefeninge wat hy in sy doktorsgraad beskryf het, bemeester nie, en kan hy ook nie die skerwe van sy eie gesin bymekaarbring nie. Wanneer hy egter ontdek dat sy dogter (wat uitstekend vertolk word deur die pragtige Flora Cross) gewas het wat hy nooit gehad het nie, giet hy al sy energie in haar in, met negatiewe gevolge.

Dit is sekerlik nie die beste flik van die jaar nie, maar beslis ook nie die slegste nie. Wat my egter pla van hierdie film, is dat dit vir my gevare ontbloom in die maniere hoe ons oor God praat en dink. Aanvanklik lyk dit asof hierdie film presies dieselfde sê as die luisterseisoen in die NG Kerk: as jy jouself oopstel vir God, dan kan jy God se stem hoor, nog meer, God kan deur jou vloei sodat jy ander kan heelmaak. Dis waar en dis wonderlik. Maar soos wat die flik ontwikkel word dit al hoe duideliker dat hierdie gawe om jouself oop te stel vir God nie vir almal beskore is nie, maar slegs vir sekere begaafdes. Hierdie mistieke spiritualiteit, wat aanvanklik lyk na 'n vriendelike uitnodiging aan almal om God deur jou te laat vloei, word mettertyd 'n doodloopstraat vir dié wat nie die gawe het nie en 'n spesiale voorreg vir die verligtes. Geen genade is hier ter sprake nie.

Maar met God werk dit andersom. God kies net een persoon: Jesus Christus. Dit lyk aanvanklik onregverdig. Dit lyk asof dit ander mense uitsluit. Maar daardie een persoon sterf dan vir die sondes



van die hele wêreld. Dit sluit almal in! ALMAL kan dus God se stem hoor, want Jesus Christus is God se stem, Jesus Christus is die Woord van God wat aarde toe gekom het om die hele wêreld met God te versoen. Daarom is die luisterseisoen, soos Dr Piet Naudé gesê het, 'n seisoen van genade alleen, Skrif alleen, geloof alleen: 'n seisoen van Christus alleen!

Week van Gebed: Om te kan luister

- Ds Gys van Schoor

Gewoonlik dink ons oor gebed dat dit ons is wat praat en dat ons dan ook op spesifieke tye en maniere met God moet praat. Gebed sluit dit alles in. Maar gebed is ook veel meer as ons wat praat.

A man prayed, and at first he thought that prayer was talking. But he became more and more quiet until in the end he realised that prayer is listening.

- Soren Kierkegaard -

Gebed is om 'n nuwe lewenshouding van luister aan te kweek. Indien God 'n lewende God is, wat Hy is, en indien God met ons praat, wat Hy doen, dan is ons grootste uitdaging om te kan luister. Daarom dat die NG kerk ook vanjaar as 'n luisterseisoen afgekondig het.

In Deut 6 word die oer-belydenis van Israel se geloof so saamgevat: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here." Voordat Israel enigiets moet doen, moet hulle eers iets hoor! Hulle moet hoor wie God is! Hulle moet luister na God!

In ons geraas- en gejaag-kultuur het dit vir ons baie moeilik geword om te luister. **Hoe ontwikkel ons hierdie luisterkapasiteit in ons lewens?** Dit is hier waar die belangrikheid van die geestelike dissiplines inkom. Geestelike dissiplines (bv. afsondering en stilte) is die manier waarop ek my lewe anders begin inrig om uiting te gee aan die feit dat die Christelike geloof 'n verhouding met die lewende God is waarin die luister na God hoofsaak is. Ons rig ons lewens aan die hand van die geestelike dissiplines op 'n nuwe manier in:

To become attentive to the small voice and willing to respond when we hear it.

- Henri Nouwen -

Without silence there is no solitude. Though silence sometimes involves the absence of speech, it always involves the act of listening. Simply to refrain from talking, without a heart listening to God, is not silence. The purpose of solitude and silence is to be able to see and hear.

- Richard Foster -

Without solitude it is virtually impossible to live a spiritual life. Because in solitude we are freed from our bondage to people and our inner compulsions, and we are freed to love God and know compassion for others.

- Henri Nouwen -

The more we train ourselves to spend time with God and Him alone, the more we will discover that God is with us at all times and in all places.

- Henri Nouwen -

Lectio Divina is 'n luistermetodiek uit die vroeë kerk wat ons weer herwin het en wat ons wil help om na 'n teks te luister om so God se stem vir ons, vandag te hoor. Lectio word beoefen in ons Dissipelskapproses op Sondagande 17h30-18h45, maar dan ook meer spesifiek op Woensdagande om 18h30 -19h30 in die kerk. In albei word die teks waaroor die Sondagand gepreek gaan word na geluister en bespreek. Almal is baie welkom!

Getuienisgebedsgeleenthede

- Ds André van Wyk

In Matteus 7:7-11 staan die volgende:

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

'n Tienpunt-plan is onlangs opgestel met die oog op die gebedsgeleenthede vir getuienisaksies en uitreike vir 2006. Steyn Heckroodt deel hierdie plan met ons:

1. Die visie vir ons Getuienisgebedsgeleenthede is dat ons ons gemeentelede wat op uitreike gaan in gebed sal ondersteun voor, ten tye van, en na hul uitreikaksies.
2. Ons wil hulle terugverwelkom in die gemeente aan die einde van 'n uitreik en 'n geleentheid skep waar hulle terugvoer kan gee oor hul ervaringe.
3. Ons wil ook verder bid vir ons gemeentelede wat plaaslik in

bediening dien.

4. Die doel is om die tema van die gebedsgeleenthede vir elke getuienisaksie en uitreik te verkondig, naamlik dat "Alles oor God gaan."
5. Ons wil vir elke aksie 'n visie van God soek.
6. Ons wil 'n geleentheid skep waartydens God geloof en geprys kan word vir sy beskerming en sy voorsiening.
7. Ons wil bid oor al ons behoeftes ten opsigte van ons Getuienisaksies en uitreike.
8. Ons wil graag meer gemeentelede betrokke kry by gebed vir hierdie aksies.
9. Ons wil saam met ander selgroepe wêreldwyd vir God se koninkryk op aarde bid.
10. Ons wil toegewyde aanbidders hê vir wie ons teksboodskappe kan stuur indien daar dringende gebedsversoeke ten opsigte van ons Getuienisaksies en uitreike is.

Die eerste Donderdag van elke maand om 19h00 in die Jeuglokaal is daar 'n gebedsgeleentheid vir ons gemeente se getuienisaksies. Enigeen is welkom om saam te kom bid. Meer inligting: kontak Steyn Heckroodt by (021) 975 5960.

Hansie se storie

- Julia Fourie

Ek loop al 'n lang pad met bergies. Eers was dit Pieter, Mona, Lena en Richard. Almal al oorlede. Messteke, 'n benewelde kop wat 'n lyf voor 'n taxi laat inloop en VIGS eis sy tol eerder gouer as later. Nou is dit weer Bella en ... Hansie.

Ek leer hulle dissipline: "Julle mag net Maandae na my toe kom. Dan is ek meestal by die huis of nie vir te lank weg nie. Wag dan maar op die stoep tot ek weer kom." Onnodig om te sê, hulle hou nie baie goed by hierdie reëling nie. Soms duik daar 'n ou werkie op of soms is dit maar somer die wingerdgriep wat op 'n Maandag nog pla. Ek laat hulle slakke bymekaar maak in my tuin. Glo my, dit werk wonderlik!

Ek raas met hulle as hulle verkeerd getrap het: "Ai Hansie, hoekom is jy alweer so dronk?" Sê Hansie: "Ai Jirre, Mevgou, die drank, die drank. Dis die duiwel self." "Jy moenie die Here se naam so ydelik gebruik nie, Hansie. Hy sorg vir jou en is by jou deur Sy Gees." Dan weer: "Ai Jirre, nee ek bedoel, nie Jirre nie." Ai tog. Ek bid vir hulle: "Here, wees tog asseblief in hierdie stormagtige nag met Hansie en Bella. Laat die mense tog nie hulle klere en beddegoed steel nie." Hulle is my aanneemkinders, God se skepsels. Hulle ken ook die Here. En die Here vir hulle.

Hansie kom oorspronklik van Graafwater. As ek by die voordeur vra: "Wie's daar?" dan sal hy so ewe antwoord: "Dis Hansie van Ggaafwater, Mevgou." Hansie is beslis nie dom nie. Hy lees graag die koerant en is beslis meer ingelig as ek, want sien, hy het tyd. Ons praat oor die politiek, rugby, die brande en die selfmoordbomaanvallers in Irak.

14-rugby. Ek sê van die twee nuwe spanne wat mos nou gaan speel vanjaar. En Hansie kleur vir my die res van die prentjie in: die name en waar hulle vandaan kom. Saterdagmiddag kyk ek op my "surround sound" TV by my strandhuis op die see se soom, die wedstryd tussen die Cats en die Stormers en ek wonder of Hansie ook nou iewers in 'n winkel die wedstryd sal kan volg ...

Dis vir Hansie verskriklik erg om "op die strate te wees." Ek het al 'n keer vir hom gehelp om terug te kom op Graafwater. Ek moet bieg, toe Hansie daardie dag sy keppie vir my lig en totsiens sê, het ek nie geweet of ek moet dankbaar wees of hartseer nie. Ek het stil gebid dat die Here maar sy wil moet laat geskied. Kort voor lank was Hansie terug op my stoep. "Hoe's dit dan nou, Hansman? Hoe lyk dinge op Graafwater?" "Nee o Jirre (alweer) Mevgou, daai mense daar is nou éers ellendig. Nee, hier is bietere mense in die Kaap. Ek sal maar eerder hier aansukkel."

Hy vertel van die miesies wat histories (uitgespreek soos die Engelse "histories") was en gehuil het dat die trane "langpaadjie" oor haar wange loop, toe hulle haar vertel van Lang Oupa wat homself by die Presbiteriaanse kerk aan 'n boom opgehang het.

Hy verlang ook plaas toe. Soos ek. Hy vertel van die plekkie waar hy slaap. "As ek saans in die skiemerte so lyster, dan hoor ek die hoenners en iewerste skape blêr. Dan kort nog net die perd se runnik."

En dan stap ou Hansie maar weer aan met sy effe mank been.

(Hansie soek tuinwerk en het verwysings. Kontak Julia Fourie by 082 824 3003)

Redaksie

SIG word uitgegee deur Durbanville Gemeente vir sy gemeentelêde. Stuur bydraes, voorstelle en kommentaar aan die redakteur by Durbanville Gemeente Kerkkantoor.

Besturende redakteur:

Ds Tinus van Zyl

Redakteur:

Ds Tinus van Zyl

Medewerkers:

Amanda Matthee

Mariëtte Steyn

Ds Rian Verster

Julia Fourie

Administrasie:

Jackie Pretorius

Adres: Posbus 107,
Durbanville 7551

Telefoon: (021) 975-6370

Faks: (021) 976-7109

www.durbanvillegemeente.co.za

-WISKUNDE- EKSTRA KLASSE

Glen Choral 16
Beethovensingel
Sonstraalhoogte
Durbanville, 7550
Tel: (021) 975 9365



Martinette Bredell
083 275 9499

Verloor gewig gesond en maklik

My naam is Erika. Ek het onlangs 'n ongelooflike manier ontdek om gewig en cm's te verloor. Ek het baie meer energie vandat ek op die program is, eet ook nie meer so baie nie en verloor gewig en cm's. Ek kan jou ook presies wys om dieselfde resultate te bereik. Die lekkerte van hierdie program is:

• geen oefening benodig • geen byeenkomste of tel van kalorieë nie • en jy kan steeds die kos eet waarvan jy hou • ontwikkel deur ons mediese span

Besoek my persoonlike webwerf nou dadelik vir 'n GRATIS gewigsverlies profiel en vind uit hoe ek jou kan help.

<http://www.accessloseweight.com>

Kraaifontein vind hoop

- Sakkie Bosman

Die skenkers van die afgelope jaar tot op hede het goed gedoen om huis en haard in Kraaifontein aanmekaar te hou. Sonder u weet ek nie wat van hierdie mense sou geword het nie.

Hierdie jaar het begin met groot nood van kinders wat uitgerus moes word vir die nuwe skooljaar. U is vertrouwd met die kostes hiervan. U bydraes het dit moontlik gemaak om hier te kon help. U sou tevrede kon voel as u kon waarneem hoe uitbundig opgewonde die graad 3-dogtertjies was oor 'n nuwe skoolrok, wetende dat daar geen hoop was vir hulle ouers om dit te voorsien nie. Baie baie dankie namens hulle, vir u troue steun, wat 'n geweldige invloed op die lewens van hierdie mense het.

Die jaar het begin met bykomstige behoeftes en word al groter. Jesus self het gesê dat armes altyd met ons sal wees. Daarom vra ons steeds vir u troue steun. U weet wie u is. Vir u wat nog nie by hierdie of ander projekte van ons kerk betrokke is nie, vra ons om

tog asseblief oorweging hieraan te skenk. U sal ondervind dat dit groot tevredenheid bied.

Ons gemeente en die plaaslike Presbiteriaanse Kerk deur middel van die Whittaker gesin, het ± 21 gesinne op 'n weeklikse basis versorg, hetsy deur persoonlike betrokkenheid of deur middel van **BADISA (CMR)**.

Nogmaals baie dankie vir u finansiële bydraes, asook bydraes in voedsel, klere, komberse, gordyne, kombuisware, ens.

Die grootste ondersteunende faktor lê daarin dat hierdie mense weet ons kerk weet van hulle.

Bydraes wat ons ontvang het vir die afgelope jaar vir ons projek in Kraaifontein:

Presbiteriaanse Kerk (Whittaker Gesin) R50 000-00

Ons gemeentelede R18 000-00

U straal God se Omgee uit

Om die afgelope 3 jaar met God oppad te wees binne die Omgeediens is 'n ongelooflike ervaring! Hy stuur ons na menslik gesproke hopelose, traumatiese situasies, waar mense stukkend is en opsukkel. Hulpbronne is skaars of onbenutbaar.

Maar God fluister die pad verder en gee 'n oplossing by elke situasie waar ons betrokke is. Ons kan Hom net dank, loof en prys. Hy gee rustigheid vir elke omgeedienswerker wat uitgestuur word na enige situasie. Hy is in beheer. Hy lei en beskerm elkeen in die proses.

Nog wonderliker is dat God binne ons gemeente mense roep en stuur na die omgeediens met allerlei vorms van hulpverlening. Dit

is 'n heerlike voorreg om hierdie hulpbronne namens die gemeente uit te deel en beskikbaar te stel aan mense in nood! Hierdie hulp behels gebede, kos, klere, meubels, linnegoed, komberse, huishoudelike artikels, 'n bromponie, borgskap vir skoolfondse, -klere en -boeke, selfs matriekkampe en matriekafskeidklere, boumateriaal vir huise, kerspakkies, koopkrag-kaarte, petrolgeld, vervoer en baie geld. Daarby kom loer mense ook gereeld in by ons omgeedienslokaal en gee hulle vir ons werkers drukkie.

Aan elkeen van u baie dankie vir elke bydrae, groot of klein. Sonder u almal sou ons nie so 'n groot verskil in mense se lewens kon maak nie. U straal God se liefde en omgee uit.

Bulwayo-gemeente sê dankie!

Hendrik en Martie Pool uit Zimbabwe

Ons wil vir julle innig dankie sê vir al jul getroue gebede, ondersteuning en voorsiening van voedsel aan die bejaardes en behoeftiges in ons gemeenskap. By Coronation in Gweru is daar 15 mense wat pakkies op 'n gereelde basis ontvang het. By die ouetehuis in Gweru het ons per geleentheid 13 persone bedien. In Bellevue is hier 5 persone wat hulp ontvang. Aan Bartley Block Hospitaal het ons meel, suiker, tee, melkpoeier, pronutro rys, pasta, ens. voorsien. 'n Totaal van 72 mense het van julle goedheid geniet en waardeer in hierdie jaar.

Hendrik en ek wil ook so baie dankie sê dat ons van die nodige goed wat nie hier beskikbaar is nie of wat onbetaalbaar duur is, vir ons senior burgers se ete kon kry in Botswana. Ons waardeer dit baie. Die ete was 'n groot sukses: ons was altesaam 84 persone.

Hendrik en ek bid julle almal groot seën toe vir al julle opoffering en liefde wat julle deur hierdie bewyse aan soveel mense skenk.



Wen R50 kontant,

**geborg deur Design A Print,
met jou blokkiesraaisel!**

Opgestel deur Johan Joubert

Leidrade Dwars:

1. Jakob en Esau was die tweeling seuns van Isak en _____. (Gen. 25)
4. Die oudste seun van Josef en Asenat. (Gen. 41)
8. Afkorting vir 'n boek in die O.T.
9. Elia moes in opdrag van die Here vir hom as koning oor Aram gaan salf. (1 Kon. 19) o.v.
11. Die dissipel se van of bynaam wat baie verontwaardig was dat die nardusolie waarmee Jesus se voete gesalf is, nie eerder verkoop is, en die geld vir die armes gegee is nie. (Joh. 12)
12. Kamerheer van koning Herodes. (Hand 12)
15. Hy is as kind byna deur sy vader as brandoffer aan die Here geoffer. (Gen. 22)
18. Esau se skoonmoeder. (Gen. 36)
20. Een van die Egiptiese towenaars wat hulle teen Moses verset het. (2 Tim. 3)
21. Hierdie Babiloniese koning moes op 'n stadium gras eet soos beeste. (Dan. 4)
25. Die vierde seun van Jakob en Lea. (Gen. 35)
27. In Joh. 11 verklaar Jesus: "Ek is die _____ en die Lewe."
29. Haar naam kom ook voor in die geslagregister van Christus. (Matt. 1)
30. In Matt. 13 sluit Jesus die gelykenis van die saaiër af deur te verwys na hierdie liggaamsdeel.
32. Hier het die Israëliete 'n groot nederlaag gely tydens hulle verowering van die Beloofde Land. (Jos. 7)
33. Afkorting vir die boek Obadja in die Bybel.
34. Een van die vyf tekens wat die wederkoms van Christus vooraf sal gaan. (Matt. 24)

Leidrade Af:

1. Hy het sy vader Salomo as koning oor Israel opgevolg (1 Kon. 12)
2. 'n Beroemde stad in Edom. (Gen. 36)
3. 'n Stad van die Moabiete wat deur die Israëliete verower is op hul pad na die Beloofde Land. (Num. 21) o.v.
4. Die vrou van Nahor, die broer van Abram. (Gen. 11)
5. Stad in die stamgebied van Benjamin. (Jos. 18)
6. Koning van Egipte. (2 Kon. 17)
7. Moeder van Hiskia. (2 Kon. 18)
10. Die jong man in Troas, wat aan die slaap geraak het toe Paulus daar gepreek het, uit die venster hom doodgeval en deur Paulus opgewek is. (Hand. 20) o.v.
11. Jakob en Esau se pa. (Gen. 25)
13. Seun van Sem. (1 Kron. 1)
14. Een van die sogenaamde "Klein Profete".
16. Vir hom het die Here gesê: "Ek gaan 'n skietlood anlê in my volk Israel. Ek gaan hom nie meer spaar nie." (Am. 7)
17. Abram moes hiervandaan wegtrek op sy tog na die Beloofde Land. (Gen. 11)
19. So is die stuk grond genoem waar Judas Iskariot selfmoord gepleeg het. (Hand. 1)
20. Boesemvriend van Dawid. (1 Sam. 18)
22. Absalom het vir hom in die plek van sy neef, Joab, oor die leer aangestel. (2 Sam. 17)
23. Afkorting vir die naam van een van die boeke in die O.T.
24. Een van die riviere wat deur die Tuin van Eden gevloei het. (Gen. 2)
25. Moses se skoonpa. (Eks. 3)
26. Een van Esau se vroue, die moeder van Elifas. (Gen. 36)
27. Een van Naomi se skoonogters. (Rut)
28. Die eerste persoon op aarde om 'n wingerd aan te plant. (Gen. 9)
31. Afkorting vir 'n Bybelboek in die O.T.



Persoonlike besonderhede:


Naam: _____

Van: _____

Tel: _____

Reëls

1. Voltooi ook die skeurstrokie en handig in by die kerkkantoor of plaas tydens eredienste in die kollektebordjies.
2. Slegs 1 inskrywing per persoon.
3. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal gevolg word nie.
4. Sluitingsdatum - 20 Maart 2006



Belydenis van geloof en dissipelskap

- Ds Tinus van Zyl

Ware dissipelskap beteken om agter Jesus aan te stap. Maar somtyds moet ons eers agter iemand anders aanstap, wat vir Jesus volg, voordat ons kan leer om self agter Jesus aan te stap. Daarom het die jeugbediening besluit dat ons belydenisklas begelei moet word deur volwasse mentors, wat hulle kan help om agter Jesus aan te stap. Natuurlik is elke kind se geestelike mentors in die eerste plek sy/haar ouers, maar bo en behalwe ons ouers, soek ons na ander rolmodelle wat ons kan help op ons geloofsreis. Daar is mos 'n stadium in elke tiener se lewe wanneer 'n onderwyser of 'n sportafrigter of 'n drama meneer presies dieselfde ding vir jou kan sê as wat jou ouers nog altyd vir jou gesê het, maar omdat dit iemand anders is wat dit sê, en nie jou eie ouers nie, klink dit vir jou na 'n heeltemal revolusionêre gedagte. Daarom is dit so belangrik dat daar genoeg positiewe rolmodelle in jongmense se lewens betrokke moet wees.

Die gedagte van die mentorskap in ons belydenisklas is dat die mentors saam met die jongmense deur die Verbintenismodule gaan (wat hulle in die eerste kwartaal van die jaar doen, voordat hulle belydenis van geloof mag aflê) en dan in die res van die jaar onderneem om op 'n gereelde basis by hierdie jongmense uit te kom, sodat hulle die dissipelskapproses wat in die Verbintenismodule begin het, verder kan vat. Prakties beteken dit dat vyf kinders na 'n volwassene se huis toe gaan, dat hulle uit die Bybel lees, en dat hulle gesels oor wat God deur die Woord vir hulle sê. So eenvoudig soos dit? Ja, so eenvoudig soos dit. Dissipelskap is nie iets vreemd of bo-natuurliks nie. Dit beteken eenvoudig om voortdurend deur God se Woord en Gees gevorm te word, en al hoe dit kan gebeur, is as ek die Bybel lees binne die gemeenskap van gelowiges.

Ons wil graag deur middel van hierdie proses die gewoonte vir jongmense aanleer om voortdurend die Bybel te lees saam met ander gelowiges. Wanneer jy belydenis van geloof afgelê het, kom jou geloofsreis nie tot 'n einde nie, maar begin dit eintlik met 'n nuwe dryfkrag. Dit geld natuurlik vir ons almal. Ek kan ook nie na ses jaar se teologiese studie, of as ek my doktorsgraad in teologie inhandig, dink dat ek nie meer die Bybel hoef te lees saam met



ander gelowiges nie. Ons lees die Bybel nie om nuwe informasie te kry nie, maar sodat ons lewe daardeur getransformeer kan word. En ons lees die Bybel nie net op ons eie nie, maar ons lees dit ook in die gemeenskap van gelowiges, in 'n erediens of in 'n kleingroep of in 'n kerkvergadering, sodat ons mekaar kan ondersteun op hierdie geloofsreis saam met God.

Verder leer ons ook vir die jongmense dat om belydenis van geloof af te lê, beteken dat jy nou nie meer 'n passasier op hierdie skip kan wees nie. Jy is die kerk. Jy is 'n gestuurde van God. Daarom word elke lidmaat opgeroep om aktief terug te ploeg in die gemeenskap van die gelowiges en ook om deel te raak van die uitreiking van die kerk na buite. Om belydenis van geloof af te lê beteken dat jy nou sáam met jou gemeente in diens staan van God se nuwe wêreld.





'n Brief van Pieter en Dolores Theron

Dankie vir die oorweldigende ondersteuning en onderskraging wat ons van ons gemeente, die Gemeenskap van die Heiliges, in hierdie periode ontvang het. Dankie aan ds Serfontein, wat pertinent vanaf die kansel op u 'n beroep gedoen het om ons veral gedurende die verhoor (1 Augustus tot 1 Desember 2005) in u gebede aan Hom op te dra. U was gehoorsaam aan God en u het 'n muur van gebede rondom ons opgebou wat ons staande gehou het in die hof.

Dankie Bettie Collins dat jy elke oggend voor ons hof toe is,

geskakel het om te sê dat al die gebedsgroepe van ons gemeente, sowel as sommiges in omliggende gemeentes op hulle knieë is vir ons saak. Die krag van die gebede het ons terdeë ondervind. Ons het heel geword, maar een van ons aanvallers het ook tot bekering gekom en hy dra nou die Evangelie uit aan mede-gevangenis. Hy het ook 'n briefie aan ons geskryf om te sê dat hy jammer is oor sy daad. Al die eer aan ons Hemelse Vader! Die Here sal waarlik hierdie gemeente seën as u aanhou om op u knieë voor Hom te staan en sy wil doen.

Verdere verwickelinge i.v.m. die **tuin** van herinnering

- Ds Freck Serfontein

Fase 1 van die voorgestelde tuin van herinnering in die suidoostelike hoek van die kerkperseel kan nou gebou word. Die besluit is op die jongste kerkraadsvergadering (07/02/2006) geneem. Vir baie lidmate sal dit goeie nuus wees.

Die besluit het gevolg nadat die munisipaliteit ook sy goedkeuring vir die planne van die bekende restourasie-argitek, dr Gawie Fagan, verleen het. Die planne is reeds vroeër deur die kommissie vir die behoud van historiese geboue goedgekeur.

Die volgende stap is dat die eiendomskommissie die verskillende tenders vir die bou van die 7 gedenkstrukture sal oorweeg en 'n bouaannemer aanstel. Elkeen van die gedenkstrukture sal plek vir

224 kisse hê. Voorsiening is gemaak vir enkelnisse sowel as nisse waarin 2 kisse gebêre kan word.

'n Dubbelnis sal vir R2 500 verkoop word terwyl die prys van 'n enkelnis R2 000 sal wees. Hoewel 'n hele paar lidmate reeds hulle name op 'n lys by die kerkkantoor laat plaas het, verwag ons dat meer mense na vore sal kom sodra die bouwerk voltooi is.

'n Behoorlike register vir die verkoop van die nisse sal intussen aangelê word. Ander noodsaaklike administratiewe werk sal ook afgehandel word sodat daar geen oponthoud sal wees wanneer die bou van die gedenkstrukture klaar is nie.

Ds André en Mathilda van Wyk word 'n **SEUN** ryker!

Op Woensdag 18 Januarie 2006 het Ds André en Mathilda van Wyk nog 'n seun ryker geword. Murdoch – vernoem na Mathilda se pa - is gesond en pragtig en sy boetie Franko hou die rugbybal al klaar reg sodat hulle kan speel. Mathilda sê hierdie mannetjie drink aanmekaar en gaan beslis ook 'n gróót seun word. **Baie geluk julle!**



Huis te huur in Bloubergstrand

Huis te huur in Bloubergstrand
by die see

Slaap 6 persone

Bel - 021 972 1960 / 021 976 1459

082 653 3060

Verfwerk

Kry 'n spesialis om u huis te verf –
Binne of buite

Onder toesig

Verwysings indien verlang

Kontak **BRAAM** vir 'n gratis kwotasie

Tel: (021) 976 4158 • Sel: 082 342 5601

